Woensdag **17 April**

**Skrifgedeelte: Esegiël 11:1-3 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Esegiël 11:3, 4**

**Pelatja – "vasgevang en toegespin"?**

Daar kom soms in elke mens se lewe daardie oomblikke dat jy voel: Ek is in strikke van eensaamheid en verlorenheid vasgevang ... ek is in 'n web van moedeloosheid en vrees toegespin ... ek is in 'n pot toegemaak en voel dat ek vergaan. Dan is die vraag in die mens se gemoed: Hoe ontkom ek daaraan?

Met hierdie beeldspraak profeteer die profeet Esegiël in hoofstuk 11. Die Here roep hom om sy oordeel en straf aan die leiers van Juda te gaan verkondig. Onder hierdie leiers is ook Pelatja (vs 1) wat die volk wysmaak dat die stad 'n "pot" is waarbinne hulle in goddeloosheid en sonde vasgevang is. (Interessant dat Pelatja se naam beteken "die Here het hom laat ontkom".) Die profeet verkondig egter juis dat die Here sy volk sal red en laat ontkom van goddelose leiers en daardie leiers vir hulle sonde sal vergeld (vs 11-13).

Vir u en my ... om aan strikke te ontkom ... van 'n gespinde web losgeruk te word ... uit die pot te ontsnap ... is Jesus Christus nodig. Hy het gekom om te ly en te sterf sodat sy kinders kan ontkom uit die "strikke van die dood en angste van die hel" (Ps. 116:2, berymd). Wie in Hóm glo, sal gered word!

Mag die Here gee dat u wat vasgevang en toegespin voel, die geloof sal ontvang om deur Jesus Christus vry te wees. Hy bind ons daarom deur die geloof vas aan Hom, aan sy Woord en aan sy kerk.

Dít is waarlik vryheid ... daardie vryheid en vrede van Christus, ons Here!

*Sing: Psalm 125-2:1, 4*

*Dagstukkie Almanak 2015*